

HOOFSTUK 1

VERANTWOORDING

Wanneer die ontstaan en verloop van die Reformatoriese kerk in oënskoue geneem word sedert die Reformasie in die sestiende eeu, kom die name van Johannes Calvyn (1509-1564) en Martin Luther (1483-1546) noodwendig ter sprake as twee figure wat 'n beduidende bydrae gelewer het om die Hervorming op dreef te bring en daaraan substansie te gee, veral deur woord en geskrif. Hoewel Luther ietwat ouer was as sy Geneefse kollega het Calvyn sy selfstandigheid behou ten opsigte van Luther en bepaalde fasette van kerkwees verder ontwikkel en verdiep. Dit is veral wáár met betrekking tot die orde van die kerk wat Calvyn op grond van die Skrif gereformeer en sodoende die presbiteriaal-sinodale kerkvorm in aansyn geroep het.

Luther heeft zelf meerdere malen een episcopale kerkorde aanbevolen en zelfs ook stappen ondernomen om deze in te voeren. Gezegd moet worden, dat Luther het bisschopsambt totaal anders opvatte dan Rome en dat hij aan de bisschop geen andere taken toekende dan aan de herder of pastor, nl. de bediening van Woord en Sacrament. In verzet tegen de roomsche hiërarchie is Luther even fel als Calvijn, maar Luther heeft de hervorming niet doorgezet tot in de kerkorde toe....De presbyteriale orde is in westerse landen van wereldhistorische betekenis geworden.

(Balke 1982: 102)

Calvyn en Luther se paaie loop op díé punt uitmekaar daar Calvyn ingesien het dat die leer van die kerk ook 'n bepaalde orde na vore roep, terwyl Luther uitgegaan het van die *cuius regio, eius religio* beginsel wat daarop neergekom het dat die orde en dissipline van die kerk aan die burgerlike owerheid oorgedra word in die persoon van die staatshoof. 'De Lutherse opvattingen over de "Zwei Regimente" in deze wereld hebben maar al te gemakkelijk ten gevolge, dat men in Lutherse kringen heel licht geneigd is de ordeningen voor de empirische Kerk aan het overheids-regiment over te laten, dat daarvoor burgerrechtelijke regelingen treft' (Haitjema 1951: 9).

Die Hervorming onder Calvinistiese invloed loop daarop uit dat oral waar die beweging veld wen en in gemeentes sigbaar word, kom ook die kerklike orde ter sprake as die manier waarop die kerk van die Reformasie homself verstaan het, en as aanduiding hoe dié selfverstaan van die kerk in gemeentes gestruktureer is. Dit is uit die gang van die Reformasie duidelik dat kerkwees wat noodwendig in gemeentevorming sigbaar word, ook gepaard gaan met kerkordelike vormgewing. Daarbenewens blyk ook dat kerkordelike maatreëls nie net deur die praktyk bepaal is nie, maar deur 'n Skriftuurlike basis voorafgegaan word, wat noodwendig beteken dat die belydenis van die kerk ook hier ter sprake kom. Daarom is dit ook so dat die kerkbegrip sedert die Reformasie 'n wesenlike deel vorm in die belydenisskrifte van die kerk.

Dit is begryplik dat Calvyn hom daarvoor beywer om in Genève 'n kerklike orde daar te stel wat op 20 November 1541 na sameroeping van die burgery in die St Pierre-kerk, plegtig voorgelees word (Pont 1981: 21; Plomp 1969: 166, 190). Dieselfde gebeur op Franse bodem tydens die eerste sinodale vergadering gehou op 25 of 26 Mei 1559. Daar word 'n kerkorde opgestel vir al die Franse gemeentes wat sy oorsprong vind in die kerkorde van 1557 en die Ordonnances Ecclésiastiques van 1541 uit Genève. Die kerkorde van 1557 was 'n eerste poging wanneer Chandieu na Poitiers gaan om kerklike vraagstukke op te los, en dra die titel: *Articles polytiques pour l'Eglise réformée selon le Saint Evangile* (Pont 1981: 48).

Die belangrike werk van die Reformasie spoel ook oor op Nederlandse bodem, en beteken dat sinodale vergaderings aandag gee aan kerkordelike maatreëls wat in kerkordes gegiet word as die manier hoe die kerk sy werk in die wêreld wil doen, en tegelyk as aanduiding hoe die kerk homself verstaan. Die situasie in Nederland kan gevolg word vanaf die Konvent van Wezel 1568 tot en met die Dordtse Sinode van 1618-19. Laasgenoemde vorm 'n bepaalde afsluiting, omdat sedert 1619 geen verdere sinodale vergaderings plaasvind waar kerkordelike besluite geneem word nie, tot en met die invoering van die Algemeen Reglement van 1816 wat op sigself 'n totaal ander kerkregtelike tradisie verwoord wat nie met die voorafgaande ontwikkeling vergelyk kan word nie. Juis by vergelyking van die kerkregtelike ontwikkeling aan die hand

van die Kerkorde van die Sinode van Dordt van 1618-19 en die Algemeen Reglement van 1816, word dit duidelik dat kerkorde en die selfverstaan van die kerk, nou met mekaar verwant is en wesenlik aanduiding vorm van dieselfde saak.

In die lig van die voorafgaande, en vanweë die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika homself sien as deel van die kerkregtelike tradisie wat sedert die Hervorming via Nederland ook in Suid-Afrika beslag kry, spreek dit vanself dat kerkwees hier ook beteken om aan die kerklike orde en sy agtergronde aandag te gee. Daarom is daar sedert die vestiging van die kerk met die koms van die volksplanter Jan van Riebeeck op 6 April 1652, en die eerste predikant ds Johan van Arckel wat op 18 Augustus 1665 in die Kaap arriveer, sprake van kerkordelike vormgewing óók met betrekking tot die Nederduitsch Hervormde Kerk (kyk Pont 1991). Die Nederduitsch Hervormde Kerk beskou die totale kerkregtelike ontwikkeling sedert die Reformasie met goeie reg, ook as deel van sy eie kerkregtelike agtergrond.

Wanneer die naam van Calvyn en Luther genoem word en die Reformatoriese Kerk as gevolg van die Hervorming ter sprake kom, dui dit op 'n radikale afgrensing teen die Roomse Kerk. Dit is duidelik sedert die openbare daad van Luther toe hy op 10 Desember 1520 in die openbaar die Roomse kerkorde, die *Corpus iuris canonici* onder andere, verbrand het (Brecht 1983: 403-4; Haitjema 1951: 10; Van Itterzon 1958: 7). Die belangrikste oorsaak van die Hervorming kan inderdaad toegeskryf word aan twee kerkbegrippe wat lynreg teenoor mekaar staan en onversoenbaar is (Van Wyk 1991: 2). Luther se verbranding van die Roomse kerkorde verwoord hoe verwyderd die inhoud van díé kerkorde geraak het van die vormgewing wat Calvyn, en andere later aan die kerkordelike vorm geheg het, as resultaat van die riglyne wat in die Skrif en die belydenisskrifte gevind word.

Die kerklike orde is nie net van historiese waarde nie. Uit kerkordes word die selfverstaan en hoe die kerk sy dienswerk in die wêreld sien, gevind. In díé sin vorm kerkordes 'n handige verwysing uit die verlede, met die oog op die toekoms. Noordmans (1984: 444) verwoord die saak met sy stelling: 'Mits de

eis van kerkeljk denken, dat er verband is tussen belijdenis en organisasie, word vasgehouen'. Die argument kan verder op die spits gedryf word met die bewering dat kerk as sodanig kerkorde impliseer, en dat geen kerk sonder 'n kerkorde kan wees nie ongeag die kerkordelike tradisie waarin 'n kerk hom mag bevind. Wanneer die Nederduitsch Hervormde Kerk in die eerste Ordereel van sy Kerkorde in gemeenskap met die kerk van alle eeue bely dat sy belydenis behalwe in die drie ekumeniese belydenisskrifte, óók in die drie Reformatoriese belydenisskrifte, die drie formuliere van eenheid, te wete: die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls gevind word, dui dit op sy Reformatoriese erfenis wat 'n duidelik omlynde kerkregtelike tradisie verwoord (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2001=NHKA 2001: 1).

Die vraag na die geldende kerkregtelike tradisie in die Nederduitsch Hervormde Kerk, het die Presbiteriaal-sinodale kerkregering as antwoord. Die feit dat die Kerk terughoudend is om van 'n sogenaamde Hervormde teologie te praat (Koekemoer: 1994: 19), en verkies om van die dubbel begrip Bybels-Reformatoriese as aanduiding van 'n Hervormde teologie gebruik te maak, kom daarop neer dat die Kerk van oortuiging is dat die Presbiteriaal-sinodale kerkregering die kerkregtelike verlenging uitmaak van die Bybels-Reformatoriese teologie.

Op die terrein van die kerklike reg het prof A D Pont besondere grondliggende werk gedoen soos blyk uit 'n groot aantal artikels en publikasies (Van Wyk 1992: 539 verv), asook deur sy tweedelige werk wat die historiese agtergronde van die kerklike reg uiteensit (Pont 1981; 1991). Onder sy leiding het ook die enigste proefskrif tot dusver op die terrein van die kerklike reg verskyn (Van Wyk: 1989). Hy is opgevolg deur prof S J Botha wat self deur verskeie artikels en publikasies van kerkregtelike aard (Breytenbach 2001: 725 verv.) die vormende werk van die kerklike reg voortgesit het tot en met sy aftrede aan die einde van 2000. Sedertdien, en as gevolg van die feit dat die Teologiese Fakulteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk met dié van die Nederduitse Gereformeerde Kerk moes saamsmelt, het die bedeling waar iemand voltyds Kerkgeskiedenis en Kerkreg doseer, verval. Die Kerk is

daardeur verplig om selfstandig aan die twee vakgebiede aandag te gee wat vanuit die Teologiese Kollege met die hulp van deelydse dosente gedoen word. Om aan die taak uitvoering te gee het die Werkgroep vir Kerkgeskiedenis en Kerkreg formeel op 26 Februarie 2004 ontstaan, wat die verantwoordelikheid aanvaar wat die Departement Kerkgeskiedenis aan die Fakulteit gehad het (NHKA 2004d).

Die in gebruik neming van die Kerkorde in 1997 was 'n besondere gebeurtenis in die kerkregtelike ontwikkeling in die Kerk aangesien die Kerkwet wat deur die Kerkorde vervang is, wesenlik 'n aangepaste weergawe was van die 1951 Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk. Die reaksie op die Kerkorde was nie net positief nie, vir sommige teleurstellend, selfs negatief (Oberholzer 1999: 456). Die reekse kerkordelike wysigings tydens Algemene Kerkvergaderings sedertdien, waarvan sommige ingrypende wysigings uitmaak wat tekort doen aan die besondere uitgangspunte soos deur die Presbiteriaal-sinodale kerkregering verwoord, wek die indruk dat 'n bepaalde ongemak beleef word met die geldende kerkordelike maatreëls wat in die Kerkorde gevind word.

Die besluite van die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering, met besondere verwysing na die herinvoering van die deelydse predikant en die toepassing daarvan in die praktyk van die Kerk, getuig nie van besondere kerklike denke nie, en maak die afleiding moontlik dat die beginsels wat onderliggend is aan die huidige Kerkorde en die tradisie wat daardeur verwoord word, nie uitermate belangrik geag word nie. Die feit dat predikante genoop word om hulle lewenstog óók buite die kerk aan te vul, bring die Algemene Kerkvergadering daartoe om die deelydse predikant wéér in te voer, maar die feit dat deelydse ampswerk nou moontlik is, vind sy toepassing in die praktyk onder andere daarin dat bedienaars van die Woord daarvan gebruik kan maak na eie diskresie. 'n Maatreël wat dus bedoel was om bedienaars van die Woord te hulp te kom wat nie volledig deur gemeentes versorg kan word nie, word nou ook benut deur predikante in voltydse standplase wat vir redes van hulle eie, beroepe buite die kerk volg, maar terselfdertyd nog ampsvoorreg wil geniet.

Die studie poog om opnuut die herkoms en omvang van die geldende kerkregtelike beginsels bloot te lê om sodoende 'n bydrae te lewer vir die toepassing daarvan in die kerklike lewe. Dit is van wesenlike belang dat vasgehou word aan die geldende uitgangspunte in die Reformatoriese Kerkreg, sodat Kerkreg in die Kerk vanuit die genuanseerde agtergrond, eie aan die kerkbegrip wat in die Kerkorde verwoord word, beoefen word.

Die proefskrif wend 'n poging aan om die kerkbegrip wat in die Kerkorde ter sprake kom te omlin teen die norm waarbinne die Kerk as Reformatoriese kerk hom bevind, die Bybels-Reformatoriese teologie, met die kerkregtelike verlenging, die Presbiteriaal-sinodale kerkregering. Die studie neem 'n aanvang met 'n oorsigtelike historiese inleiding gevolg deur 'n uiteensetting van wat onder die sogenaamde Bybels-Reformatoriese teologie verstaan kan word. Daarna word in 'n volgende hoofstuk die Presbiteriaal-sinodale kerkregtelike stelsel soos dit vorm aangeneem het sedert Calvyn, en die verdere ontwikkeling in Nederland omskryf wat as maatstaf moet dien vir die uiteindelijke beoordeling van die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk, en die kerkordelike praktyk wat daarop volg.

Presbiteriaal-sinodaal het in die reeds genoemde enigste proefskrif ter sprake gekom aan die hand van die Kerkorde van die Sinode van Dordrecht 1618-19, aangevul deur die agtergronde wat daarop invloed uitgeoefen het, asook die toepassing daarvan in die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat gegeld het tot en met die invoering van die Kerkorde in 1997. Die huidige studie neem die Bybels-Reformatoriese teologie en die kerkregtelike verlenging daarvan wat in die Presbiteriaal-sinodale kerkregering ter sprake kom, as maatstaf waaraan die geldende Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk vergelyk word. Hier kan ook gemeld word dat die Kerk in die verlede 'n keuse gemaak het vir die Presbiteriaal-sinodale kerkregering en dat die besluit nie sedertdien herroep is nie (NHKA 1967: 179). Die mening bestaan ook dat kennis en vertroutheid met die beginsels en agtergronde van die kerkregtelike tradisie waarop die Kerkorde berus, waardevolle diepgang in die kerklike lewe tot gevolg kan hê.

In die verloop sal ook verwys word na ander kerkregtelike tradisies wat moontlik 'n rol speel in die Kerk se kerkregtelike denke en praktyk. Wesenlik wil die proefskrif 'n bydrae lewer tot die beter verstaan en hopelik meer entoesiastiese beoefening van die *Reformatoriese* Kerkreg in die lewe van die Nederduitsch Hervormde Kerk, as kerklike reg wat weliswaar ín die praktyk funksioneer, maar níé deur die praktyk gevorm en bepaal word nie.